BELEIDSDOKUMENT

VERHURING VAN SKOOLEIENDOM

_____	_____
SGB / SBL **Voorsitter / Chairman**	**Skoolhoof / Principal**
_____	_____
Koördineerder / Co-ordinator	**Datum / Date**

LAERSKOOL GOODWOOD PARK PRIMARY
BEAUFORTSTRAAT, GOODWOOD 7460
Tel:021 -591 6119 / Fax: 201-592 4420 / admin@goodwoodparkprimary.co.za /
www.goodwoodparkprimary.co.za

BELEIDSDOKUMENT:
VERHUURING VAN SKOOLEIENDOM

INHOUDSOPGAWE

1. ALGEMEEN

2. GROOTSAAL
VOEDERSKOLE
BUITESTANDERS
PERSONEEL

3. TENNISBANE

4. ONTWIKKELINGSENTRUM

VERHURING VAN SKOOLEIENDOM

Die Personeel en Beheerliggaam waak met trots oor die fasiliteite van Laerskool Goodwood Park.

Dit is so dat die fasiliteite ook aan die gemeenskap beskikbaar gestel behoort te word. Goeie bestuur en kontrole van die verhuring is egter van kardinale belang.

Die volgende het betrekking op die beskibaarstelling/verhuring van die volgende fasiliteite:

1. **GROOTSAAL**: Die grootsaal word beskikbaar gestel aan ons voederskole vir hul fondsinsameling/gradeplegtigheid, ens. Een geleentheid per jaar sal gratis aan hul beskikbaar gestel word. Slegs 'n donasie sal aanvaar word. Enige verdere aande sal op meriete toegeken word teen die tarief soos deur die Beheerliggaam vasgestel en van tyd tot tyd aangepas word. Die skool kry egter die eerste keuse om plaaslike aktiwiteite te akkommodeer. Die saal word nie vir danse aan buite-organisasies verhuur nie en geen verhuring vind op Sondae / skoolvakansies plaas nie.

   Voederskole

   R600
   R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

   Buitestanders
   Die saal kan verhuur word op 'n Vrydagaand of Saterdagoggend of –aand. Deposito word terugbetaal indien die saal skoon en netjies agtergelaat word.

   Tariewe is soos volg:
   Oggend: - 5 ure:

   R800 + R800 deposito
   R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

   Aand: - 17:00 – 24:00

   R1500 + R1500 deposito
   R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

   Personeel: (Slegs vir eie gesin se gebruik)
   Oggend of aand:

   R450 + R1500 deposito
   R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

   Tafels (R15) en stoele (R3) kan gehuur /verhuur word.

   Kontrakte vir privaat klubs soos bv. karate, ballet, modern-danse ens.word, indien die program dit toelaat op 'n kwartaalbasis verhuur met dien verstande dat skoolfunksies voorkeur kry. Die skool sal altyd poog om ander akkommodasie beskibaar te stel in geval van programme wat bots.

   Huur per kwartaal R1500
   R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter) per sessie.

2. **TENNISBANE**: Die skool se tennisbane is permanent na skoolure gesluit.

3. **ONTWIKKELINGSENTRUM**: Hierdie sentrum is op inisiatief van die GWP Ondersteunersklub en skool opgerig. Die geriewe word deur die Ondersteunersklub op hul voorwaardes soos bepaal in die grondwet en komiteevergaderings, verhuur. Die besprekings vind egter wel deur die skool se kantoor plaas.

Saal / Kombuis / Tafels / Stoele

R1800
R800 terugbetaalde deposito
R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

Saal / Tafels / Stoele

R1400
R800 terugbetaalde deposito
R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

Personeel

75% van huurgeld
R800 terugbetaalde deposito
R250 vir oop en toesluit van die saal (opsigter)

Beskikbaar: Dubbel braai-area en kontantkroeg

Toelaatbaar: Sjampanje en of Sjerrie / koeldrank / sap

[Alle gebruik van skoolgeriewe deur buite instansies vind plaas op eie risiko]